

9 November

Skrifgedeelte: Matteus 22:15-22
Fokusgedeelte: Matteus 22:21

God bo alles!

Oor die groot hap wat belasting uit ons inkomste vat, sug baie mense. Praat oor belasting, en die gesprek kry vinnig 'n negatiewe kleur. So was dit ook in Jesus se tyd op aarde. Die Jode het swaar gesluk aan die belasting wat hulle aan die Romeine moes betaal. Die Fariseërs sien hierin 'n geleentheid om Jesus in 'n hoek te dryf. "Is dit reg om aan die keiser belasting te betaal, of is dit nie?" So vra hulle in vers 17. Sou Jesus "nee" sê, kon die Fariseërs vir die Romeinse owerhede gaan vertel dat Hy 'n politieke opsweper is, iemand wat Hom beywer vir die omverwerping van die Romeinse owerheid. As Jesus "ja" sê, sou baie Jode Hom kon beskou as 'n volksverraaier wat Hom met die gehate Romeine vereenselwig.

Jesus ontmasker hulle. "Waarom stel julle vir My 'n strik? Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort." Dit gaan hieroor: Die keiser vra iets van my aardse besittings – gee aan hom wat hy vra. God vra egter my hele lewe – is jy ook bereid om dit aan God te gee?

Aan God kom die hoogste lojaliteit toe. Alhoewel ons 'n verpligting teenoor die staat het, bly dit beperk. Hierteenoor moet ons aan God ons alles gee sonder enige beperking. Hy vra ons hart en ons lewe.

Sing: Ps 2:6

Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)